

24 November

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-17
Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:12

Lewende preke

Vanaf hoofstuk 2:12 – 4:19 vermaan Petrus sy lesers herhaaldelik om “goed te doen” (2:12, 15, 20; 3:1, 6, 11, 17; 4:19).

Hierdie vermaningswoorde is ’n sleutelbegrip in die middelste hoofdeel van die eerste Petrusbrief. Hieronder tel ook die vermaning wat op die “goeie gedrag” van gelowiges in ’n ongelowige en selfs vyandiggesinde wêreld betrekking het. Die vermaning “Gedra julle altyd goed ...” hou in negatiewe sin daarmee verband om toe te sien dat jou gedrag nie die geloof in Christus en die kerk van Christus in diskrediet bring nie.

Die eerste lesers van hierdie brief is deur die heidene met agterdog bejeën. Gelowiges is in daardie tyd deur ’n gees van kwaadwilligheid op allerlei maniere benadeel om die voorbeeld van Christene te probeer wegwerk. As die gelowige hom uit die wêreld probeer onttrek waar hy nie meer gesien en gehoor word nie, ten einde die vyandiggesinde van ’n samelewing te ontvlug; of as die gelowige hom met die leefwyse van die wêreld vereenselwig om die kwaadwilligheid van vyandiggesinde te ontloop, dan word die geloof in Christus in diskrediet gebring.

In teenstelling met gedrag wat die geloof in Christus diskrediteer, staan die vermaning: “Gedra julle altyd goed ... sodat hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik ...” Om getrou te bly aan die beginsels van die Christelike lewe en te volhard in die doen van goeie werke, dra die karakter van ’n lewende preek. ’n Aanskouingsles. ’n Herinnering aan wat goed is, reg is, heilig is, eerbaar is. Aan wat vir God welbehaaglik is.

Op hierdie manier van ’n voorbeeldige Christelike leefwyse as ’n lewende preek word die wêreld daartoe beweeg om ook God te prys. Petrus se vermaning is ’n toepassing van hierdie woorde deur Christus op ons lewe: “Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik” (Matt. 5:16).

Sing: Psalm 66:7 (1936)

Ds. EJ Tiemensma (Kempton Park)